


bestMed

persoonlik joune



# PULSE2

| PULSE2-OPSIE | SLEGS NETWERKOPSIE |
|---|---|
| Aanbeveel vir? | Pulse2 is 'n omvattende netwerkopsie vir 'n volgroeide gesin met gevorderde gesondheidsorg-vereistes. Die opsie bied onbeperkte hospitaaldekking by 'n hospitaalnetwerk (hoofsaaklik Netcare) en primêresorg deur 'n netwerkverskaffer. |
| Bydraes | R5 770 - Hooflid<br>R5 770 - Volwasse-afhanklike<br>R1 371 - Kinderafhanklike |
| Dag-tot-dag-voordele/ spaarrekening | Dag-tot-dag-voordele is beskikbaar.<br>Geen spaarrekening is beskikbaar nie. |
| Waardevoordele | Voorkomendesorg-voordele<br>Familiepraktisyne- en spesialisbesoeke<br>Optometrie<br>Tandheelkunde |
| Oor-die-toonbank medisyne | Beskikbaar |
| Nie geskik vir jou nie? | Jong individue en paartjies met gesinne. Hulle sal meer waarde vind in die Beat- en Pace-reekse. |

# Hoe word voordele betaal?

Op die Pulse2-opsie word binne-hospitaaldienste uit die Skemarisiko-voordeel betaal. Die Bestmed Pulse2-netwerk dek die meeste buite-hospitaaldienste. Sommige dag-tot-dag-dienste en voorkomendesorg-dienste is uit die Skema risiko-voordele beskikbaar.

Pulse2-lede moet van die Pulse Spesialis ADV-netwerk gebruik maak.

Voordele verwant aan toestande wat aan die kriteria vir VMV's voldoen sal ten volle gedek word wanneer daar van ADV's gebruik gemaak word. Hierdie sal nie jou spaarrekening (jaarlikse of gevestigde)beïnvloed nie.

# Binne-hospitaalvoordele

Vergewis uself asseblief van die aangewese diensverskaffers (ADV's) vir hierdie opsie. Dit sluit Pulse Spesialis ADV's en ADV-hospitale in. Onbeperkte dekking vir hospitaalkostes is by die Bestmed-hospitaalnetwerk soos op die webtuiste gelys, beskikbaar teen die tarief wat deur die Skema beding is. Voorafmagtiging word vereis.

Die ADV-hospitaalnetwerk bestaan uit alle Netcare-hospitale in Suid-Afrika. Waar daar nie 'n Netcare-hospitaal is nie, is ander hospitale as ADV-hospitale gekontrakteer.

Besoek asseblief die Bestmed-webtuiste by www.bestmed.co.za om 'n lys van al die ADV-hospitale te besigtig.

'n Bybetaling van tot R11 309 sal betaalbaar wees in geval van die vrywillige gebruik van 'n nie-ADV-hospitaal, met die uitsondering van noodgevalle.

### Proses vir hospitaalmagtiging

- Indien 'n spesialiskonsultasie benodig word, moet die familiepraktisyn die lid na 'n Bestmed Pulse-spesialis verwys.
- Indien die Bestmed Pulse-spesialis aandui dat hospitalisasie nodig is, moet die lid Bestmed by 080 022 0106 kontak, om voorafmagtiging te bekom. Bestmed sal slegs magtiging vir opname in gekontrakteerde ADV-hospitale verskaf.

### Noodopname in 'n nie-ADV-hospitaal

- Indien 'n lid vir 'n noodtoestand opgeneem word in 'n nie ADV-hospitaal, sal Bestmed vereis dat die pasiënt in die hospitaal gestabiliseer word.
- Sodra die pasiënt gestabiliseer is, sal ER24 die pasiënt na die naaste ADV-hospitaal vervoer.
- Alle hospitaalvoordele hieronder kan onderhewig wees aan voorafmagtiging, kliniese protokolle, voorkeurverskaffers, aangewese diensverskaffers (ADV's), formulariums, befondsingsriglyne en die Mediscor-verwysingsprys.

| MEDIESE GEBEURLIKHEID | SKEMAVOORDEEL |
|---|---|
| Akkommodasie (hospitaalverblyf) en teaterfooie | 100% Skematarief by 'n ADV-netwerkhospitaal. |
| Ontslagmedikasie | 100% Skematarief.<br>Beperk tot 7 dae se medisyne. |
| Behandeling in geestesgesondheidsklinieke | 100% Skematarief.<br>Beperk tot 21 dae per begunstigde. |
| Behandeling vir chemiese en middelemisbruik | 100% Skematarief.<br>Beperk tot 21 dae of R30 760 per begunstigde. Onderhewig aan netwerkfasiliteite. |
| Konsultasies en prosedures | 100% Skematarief. |
| Chirurgiese prosedures en narkose | 100% Skematarief. |
| Orgaanoorplantings | 100% Skematarief.<br>Slegs VMV's. |

| MEDIESE GEBEURLIKHEID | SKEMAVOORDEEL |
|---|---|
| Groot (major) mediese maksillo-fasiale chirurgie beperk tot sekere toestande | 100% Skematarief. |
| Tandheelkundige en mondchirurgie | 100% Skematarief. |
| Prostese (Onderhewig aan voorkeurverskaffer, anders geld limiete en bybetalings) | 100% Skematarief.<br>Beperk tot R101 216 per gesin. |
| Prostese - Intern<br>Let wel: Sublimiete onderhewig aan bogemelde prosteselimiet.<br><br>*Funksioneel: Items wat gebruik word vir die behandeling of ondersteuning van 'n liggaamsfunksie. | Sublimiete per begunstigde:<br>• *Funksioneel R16 794<br>• Vaskulêr R39 129<br>• Pasaangeër (dubbelkamer) R53 040<br>• Endovaskulêr - geen voordeel<br>• Spinaal R39 129<br>• Kunsmatige kussing – R17 190<br>• Middelvrystellende stent - R17 190<br>• Maas R17 190<br>• Ginekologie/Urologie R12 780<br>• Lensinplantings R10 970 per lens per oog<br>Gewrigsvervanging:<br>– Heupvervanging en ander groot gewrigte R46 819<br>– Knievervanging R54 679<br>– Kleiner gewrigte R20 356 |
| Prostese - Ekstern | Beperk tot R24 427 per gesin. |
| Ortopediese en mediese toestelle | 100% Skematarief. |
| Patologie | 100% Skematarief. |

| MEDIESE GEBEURLIKHEID | SKEMAVOORDEEL |
|---|---|
| Basiese radiologie | 100% Skematarief. |
| Gespesialiseerde diagnostiese beelding | 100% Skematarief. |
| Onkologie | Onkologieprogram. 100% Skematarief. |
| Peritoneale dialise en hemodialise | 100% Skematarief.<br>Onderhewig aan voorafmagtiging en ADV's. |
| Bevallings | 100% Skematarief. |
| Borschirurgie (Borskankerpasiënte) | Beperk tot R35 000 vir simmetrisering-chirurgie op bors wat nie geraak word nie. Onderhewig aan voorafmagtiging. |
| Refraktiewe chirurgie en alle vorme van prosedures om visie te verbeter of te stabiliseer, (katarakte uitgesluit) | 100% Skematarief.<br>Beperk tot R8 990 per oog. |
| MIV / VIGS | 100% Skematarief. Onderhewig aan voorafmagtiging en ADV. |
| Vroedvrou-ondersteunde geboortes | 100% Skematarief. |
| Aanvullende dienste | 100% Skematarief. |
| Alternatiewe tot hospitalisasie | 100% Skematarief. |
| Noodvervoer | Dienste gelewer deur ER24. |
| Internasionale reisdekking | Tot R10 miljoen en 'n maksimum van 90 dae. Dienste gelewer deur Bryte Insurance en bestuur deur ER24. |
| Bybetalings | Bybetaling van tot R11 309 per gebeurlikheid vir vrywillige gebruik van nie-ADV-hospitale. |



# Buite-hospitaalvoordele

- Die meeste buite-hospitaalvoordele word deur Bestmed teen 100% Skematarief betaal.

**Bestmed Pulse Spesialis ADV-netwerk**

- Alle Pulse2-lede moet van die Bestmed Pulse Spesialis ADV-netwerk, wat die gekontrakteerde aangewese diensverskaffer (ADV) is, gebruik maak.
- Die lys met die name van verskaffers kan bekom word deur aan te teken op die webtuiste via www.bestmed.co.za
- Andersins kan lede met Bestmed in verbinding tree om die kontakbesonderhede van die naaste spesialis te bekom.

| MEDIESE GEBEURLIKHEID | SKEMAVOORDEEL |
|---|---|
| Dag-tot-dag algehele limiet | L = R13 854, L1+ = R27 537. |
| Familiepraktisyn-konsultasies | Onbeperkte familiepraktisyn-besoeke. |
| Buite-netwerk en ongevallebesoeke | • Beperk tot R1 471 per gesin per jaar.<br>• Basiese radiologie en patologie wat binne die formularium val, wat ontvang is as gevolg van 'n ongevalle besoek, sal uit dié limiet betaal word.<br>• Die lid moet vir die besoek betaal en dit terugeis van Bestmed.<br>• Terugbetalings is onderhewig aan Bestmed Pulse2-protokolle. |
| Diabetes primêre sorg konsultasie | 100% van Skematarief onderhewig aan registrasie by HaloCare. 2 primêre sorg konsultasies by Dis-Chem apteke beperk tot R341.90 per konsultasie onderhewig aan dag-tot-dag limiet. |



| MEDIESE GEBEURLIKHEID | SKEMAVOORDEEL |
|---|---|
| Spesialiskonsultasies (insluitend klein prosedures wat in spesialiskamers gedoen word en alle verbruiksitems wat gebruik word) | 100% Skematarief.<br>Beperk tot L = R3 054, L1+ = R5 881.<br>(Onderhewig aan dag-tot-dag algehele limiet.)<br>Verwysing deur die familiepraktisyn word vir spesialiskonsultasies vereis. Onderhewig aan Bestmed Pulse Spesialis ADV. |
| Basiese en gespesialiseerde tandheelkunde | 100% Skematarief.<br>Beperk tot 'n sublimiet van L= R6 955 en L1+ = R 8 821. Die sublimiet is onderhewig aan die dag-tot-dag algehele limiet.<br>Onderhewig aan die Bestmed Pulse2 – goedgekeurde tarieflys, Pulse-tandheelkunde netwerk en protokolle.<br>Slegs by 'n Bestmed Pulse-netwerkverskaffer ingevolge die Pulse2 lys van goedgekeurde kodes.<br>Gespesialiseerde tandheelkunde sluit kunsgebitte in. |
| Mediese hulpmiddels, apparate en toestelle | 100% Skematarief.<br>Beperk tot R9 839 per gesin. |
| Rolstoele | Beperk tot R12 666 per gesin elke 48 maande. |
| Gehoorapparate | Beperk tot R27 368 per begunstigde per 24 maande by 'n ADV. Onderhewig aan kwotasie, motivering en oudiogram. Voorafmagtiging vereis. |
| Aanvullende dienste<br>(Dienste gelewer deur 'n dieetkundige, chiropraktisyn, homopaat, ortoptis, akupunkteur, spraakterapeut, oudioloog, arbeidsterapeut, chiropodis, biokinetikus, sielkundige en maatskaplike werker) | 100% Skematarief.<br>Beperk tot L = R4 071, L1+ = R8 086.<br>Onderhewig aan die dag-tot-dag algehele limiet.<br>Lede moet verwys word vir hierdie dienste. |

| MEDIESE GEBEURLIKHEID | SKEMAVOORDEEL |
|---|---|
| Wondsorgvoordeel<br>(insl. verbande, behandeling m.b.v. negatiewe druk-wondterapie (NDWT) en verwante verpleegdienste - buite-hospitaal) | 100% Skematarief.<br>Beperk tot R9 500 per gesin. |
| Oogkundige voordele (PPN-kapitasieverskaffer) | Voordele beskikbaar elke 24 maande van datum van diens.<br>**Netwerkverskaffer: (PPN)**<br>• Konsultasie - 1 per begunstigde<br>• Raam - R868 gedek **EN**<br>• 100% van standaard lense. (Enkelvisie **OF** Bifokaal **OF** Multifokaal) **OF**<br>• Kontaklense = R1 510<br>**OF**<br>**Nie-netwerkverskaffer:**<br>• Konsultasie - R316 fooi by 'n nie-netwerk-verskaffer<br>• Raam = R579 **EN**<br>• Enkelvisie lense = R184 **OF**<br>• Bifokale lense = R431 **OF**<br>• Multifokale lense = R747 **OF**<br>• Kontaklense = R1 510 |
| *Basiese radiologie en patologie | In ooreenstemming met Pulse2-netwerkprotokolle en goedgekeurde basiese radiologie en patologiekodes/toetse. (Onderhewig aan dag-tot-dag algehele limiet) |
| Gespesialiseerde diagnostiese beelding | 100% Skematarief.<br>Voorafmagtiging word vereis. MRB-/RT-skanderings: Maksimum van 3 skanderings per begunstigde. PET-skandering: 1 skandering per begunstigde. |
| Onkologie | Onkologieprogram. 100% Skematarief. |

| MEDIESE GEBEURLIKHEID | SKEMAVOORDEEL |
|---|---|
| Peritoneale dialise en hemodialise | 100% Skematarief.<br>Onderhewig aan voorafmagtiging en ADV's. |
| Rehabilitasie na trauma | Geen voordeel. |
| MIV / VIGS | 100% Skematarief. Onderhewig aan voorafmagtiging en ADV's. |

*Maak asseblief seker dat jou vereiste radiologie- en patologiekodes/toetse gedek word onder die Pulse2-voordele, aangesien jy verantwoordelik sal wees vir betaling van kodes/toetse wat nie gedek word nie.



# Medisyne

**Let wel:**

- Alle voordele hieronder vermeld, is onderhewig aan voorafmagtiging, formulariums, befondsingsriglyne en die Mediscor-verwysingsprys.
- Goedgekeurde VMV-biologiese en nie-VMV-biologiese medisynekoste sal eers vanaf die Biologiese limiet betaal word. Sodra die limiet uitgeput is, sal slegs die koste van VMV-biologiese medisyne, onbeperk van die Skema risiko betaal word.

*Let wel: Goedgekeurde VMV biologiese en nie-VMV biologiese medisynekoste sal eers vanaf die Biologiese limiet betaal word. Sodra die limiet uitgeput is, sal slegs die koste van VMV biologiese medisyne, onbeperk van die Skema risiko betaal word.

| VOORDEELBESKRYWING | SKEMAVOORDEEL |
|---|---|
| CSL- en VMV-chroniese medisyne* | 100% Skematarief. Onbeperk.<br>Moet deur 'n netwerkverskaffer voorgeskryf en van 'n netwerkapteek verkry word.<br>Bybetaling van 25% vir nie-formulariummedisyne. |
| Nie-CSL-chroniese medisyne* | 90% van Skematarief.<br>16 toestande.<br>Beperk tot L= R6 559 en L1+ = R13 118.<br>Moet deur 'n netwerkverskaffer voorgeskryf en van 'n netwerkapteek verkry word.<br>Bybetaling van 20% vir nie-formulariummedisyne. |

| VOORDEELBESKRYWING | SKEMAVOORDEEL |
|---|---|
| Akute medisyne | 100% Skematarief.<br>Beperk tot L = R4 354, L1+ = R8 821.<br>(Onderhewig aan dag-tot-dag algehele limiet)<br>Moet deur 'n netwerkverskaffer voorgeskryf en van 'n netwerkapteek verkry word. |
| Biologiese en ander hoëkoste-medisyne | 100% Skematarief.<br>Beperk tot R149 279 per begunstigde. |
| Oor-die-toonbank medisyne (ODT) | Beperk tot R579 per gesin. Sluit sonskerm, vitamiene en minerale met nappi-kodes op die Skemaformularium in. |

# Chroniese Siektelys

## CSL

| | |
|---|---|
| CSL 1 | Addison se siekte |
| CSL 2 | Asma |
| CSL 3 | Bipolêre gemoedsversteuring |
| CSL 4 | Brongiëktase (Lugpypverwyding) |
| CSL 5 | Kardiomiopatie (Hartspiersiektes) |
| CSL 6 | Chroniese nierversaking |
| CSL 7 | Chroniese obstruktiewe pulmonêre siekte (COPS) |
| CSL 8 | Kongestiewe hartversaking |
| CSL 9 | Kroonslagaarsiekte |
| CSL 10 | Crohn se siekte |
| CSL 11 | Diabetes insipidus |
| CSL 12 | Diabetes mellitus Tipe 1 |
| CSL 13 | Diabetes mellitus Tipe 2 |
| CSL 14 | Disritmie |
| CSL 15 | Epilepsie - ernstig |
| CSL 16 | Gloukoom |
| CSL 17 | Hemofilie |
| CSL 18 | Hiperlipidemie |
| CSL 19 | Hipertensie |
| CSL 20 | Hipotireose (Hipotiroïdisme) |
| CSL 21 | Meervoudige sklerose |
| CSL 22 | Parkinson se siekte |

## CSL

| | |
|---|---|
| CSL 23 | Rumatoïede artritis |
| CSL 24 | Skisofrenie |
| CSL 25 | Sistemiese lupus eritematose (SLE) |
| CSL 26 | Ulseratiewe kolitis |

## NIE-CSL

| | |
|---|---|
| Nie-CSL 1 | Aknee – ernstig |
| Nie-CSL 2 | Aandagafleibaarheid/Aandagafleibaarheid-hiperaktiwiteitsindroom (ADD/ADHD) |
| Nie-CSL 3 | Allergiese rhinitis |
| Nie-CSL 4 | Ekseem - erge |
| Nie-CSL 5 | Migraine-profilakse |
| Nie-CSL 6 | Jig-profilakse |
| Nie-CSL 7 | Ernstige depressie |
| Nie-CSL 8 | Obsessief-kompulsiewe steuring |
| Nie-CSL 9 | Osteoporose |
| Nie-CSL 10 | Psoriase |
| Nie-CSL 11 | Urinêre inkontinensie |
| Nie-CSL 12 | Paget se siekte |
| Nie-CSL 13 | Gastro-esofageale refluks (GEF) |
| Nie-CSL 14 | Osteo-artritis |
| Nie-CSL 15 | Alzheimer se siekte |
| Nie-CSL 16 | Neuropatie |

| VMV | |
|---|---|
| VMV 1 | Aplastiese anemie |
| VMV 2 | Chroniese anemie |
| VMV 3 | Benigne prostaatvergroting |
| VMV 4 | Cushing se siekte |
| VMV 5 | Sistiese fibrose |
| VMV 6 | Endometriose |
| VMV 7 | Vroulike menopouse |
| VMV 8 | Fibroserende alveolitis |
| VMV 9 | Graves se siekte |
| VMV 10 | Ooraktiewe skildklier |
| VMV 11 | Hipofise adenoom |
| VMV 12 | Ideopatiese trombositopeniese purpera |
| VMV 13 | Paraplegie/Kwadruplegie |
| VMV 14 | Polisistiese ovariale sindroom |
| VMV 15 | Pulmonale embolisme |
| VMV 16 | Beroerte |



# Voorkomendesorg-voordele

**Let wel:**

Voordele hieronder vermeld, mag aan voorafmagtiging, kliniese protokolle, voorkeurverskaffers, aangewese diensverskaffers (ADV's), formulariums, befondsingsriglyne en Mediscor-verwysingsprys onderhewig wees.

| TIPE VOORDEEL | GESLAG EN OUDERDOMSGROEP | HOEVEELHEID EN FREKWENSIE | VOORDEELKRITERIA |
|---|---|---|---|
| Griepinentings | Alle ouderdomme. | 1 per begunstigde per jaar. | By 'n Bestmed netwerkapteek of familiepraktisyn. |
| Longontstekinginentings | Kinders <2 jaar.<br>Hoërisiko-volwassenes. | Kinders: Soos deur die Departement van Gesondheid-skedule voorgeskryf.<br>Volwassenes: Twee keer in 'n leeftyd met skraaginenting na 65 jaar. | Volwassenes: Die Skema sal hoërisiko-individue identifiseer en immunisering aanbeveel. |
| Pediatriese immuniserings | Babas en kinders. | Befondsing vir alle pediatriese entstowwe in ooreenstemming met die staat se aanbevole program. | |
| Vroulike voorbehoedmiddels | Alle vroue van vrugbare ouderdom. | Aantal en frekwensie bepaal deur die produk tot die maksimum toegelate bedrag. Mirena-toestel - 1 toestel elke 60 maande. | Beperk tot R2 205 per begunstigde per jaar en sluit alle items in wat in die vroulike voorbehoedmiddel-kategorie val. |
| Voorchirurgiese rug- en nekevaluering | Alle ouderdomme. | Onderhewig aan voorafmagtiging. | Voorkeurverskaffers (DBC en Workability klinieke). Vir ernstige spinale of rugprobleme wat chirurgie mag benodig. Die Skema sal geskikte kandidate identifiseer wat vir die program sal kwalifiseer. Gebaseer op die resultate van die eerste evaluasie, sal 'n behandelingsprogram opgetrek word en oor 'n ononderbroke tydperk geïmplementeer word soos deur die verskaffer gespesifiseer. |
| MPV immuniserings | Vroue tussen 9 en 26 jaar oud. | 3 inentings per begunstigde. | Inentings word teen MRP befonds. |

## TIPE VOORDEEL

| | |
|---|---|
| Tempo Welstandsprogram<br><br>Nota: Deur jou gesondheidsrisiko-evaluering te voltooi, aktiveer jy ander Tempo-voordele:<br><br>Een ouer moet hul gesondheidsrisiko-evaluering voltooi om assesserings vir begunstigdes jonger as 18 moontlik te maak. | **Individuele gesondheidsrisiko-evaluerings (Volwassenes 18 jaar en ouer)** - Biometriese siftingstoetse en leefstylvraelys moet by 'n netwerkapteek of by geselekteerde werkgewers voltooi word (1 per jaar).<br>**Kinderafhanklike-assesserings**<br>• **Ouderdomme 13-17 jaar:** Assessering word deur 'n gekontrakteerde **biokinetikus** gedoen (welstand netwerkverskaffer) - 1 per begunstigde per jaar.<br>• **Ouderdomme 3-12 jaar:** Assessering word deur 'n gekontrakteerde **arbeidsterapeut** gedoen (welstand netwerkverskaffer) - 1 per begunstigde per jaar.<br>• **Ouderdomme 0-2 jaar:** Baba groei- en ontwikkelingsassesserings word by 'n **gekontrakteerde apteek kliniek** gedoen - 3 assesserings per jaar.<br>**Gesinsassesserings - voeding**<br>• Gesinsvoedingsevaluering word by 'n gekontrakteerde **dieetkundige** gedoen (welstand netwerkverskaffer) - 1 per gesin per jaar.<br>**Fiksheids- en voedingsintervensies (begunstigdes 18 jaar en ouer, voorafgoedkeuring word vereis)**<br>• 3 individuele konsultasies per jaar by 'n gekontrakteerde **biokinetikus** (welstand netwerkverskaffer)<br>• 3 individuele konsultasies per jaar by 'n gekontrakteerde **dieetkundige** (welstand netwerkverskaffer) |
| Kraamvoordele | 100% Skematarief. Onderhewig aan die volgende voordele:<br>**Konsultasies**:<br>• 9 voorgeboorte konsultasies by 'n FP **OF** ginekoloog **OF** vroedvrou.<br>• 1 nageboorte konsultasie by 'n FP **OF** ginekoloog **OF** vroedvrou.<br>**Ultraklankskanderings:**<br>• 1 x 2D ultraklankskandering teen eerste termyn (tussen 10 en 12 weke) by 'n FP **OF** ginekoloog **OF** radioloog.<br>• 1 x 2D ultraklankskandering tydens tweede termyn (tussen 20 en 24 weke) by 'n FP **OF** ginekoloog **OF** radioloog.<br>**Aanvullings**:<br>• Voorgeboorte ysteraanvullings - 9 herhalings, onderhewig aan formularium.<br>• Voorgeboorte foliensuur - 9 herhalings, onderhewig aan formularium. |

Vrywaring: Algemene en opsie-spesifieke uitsluitings is van toepassing. Raadpleeg ons webtuiste by www.bestmed.co.za vir nadere besonderhede.



Vroedvrou-ondersteunde geboortes word teen 100% van die Skematarief gedek op alle Pulse-opsies.

# Swangerskap Welstandsprogram

Die nuus dat jy swanger is bring gewoonlik 'n hele klomp vrae, emosies en inligting teweeg. Soms kan dit 'n uitdaging wees net om te weet waar om te begin en watter inligting om te vertrou.

Bestmed-lede en hul afhanklikes het toegang tot die Swangerskap Welstandsprogram. Die program is ontwerp om aan die behoeftes van verwagtende ouers en hul ondersteuningsnetwerk te voldoen, deur omvattende inligting en dienste aan te bied. Ons poog om jou te ondersteun deur al die fases van jou swangerskap, die bevalling en nageboorte periode.

**Wanneer jy vir hierdie program registreer, en jou gesonheidsrisiko-evaluering voltooi het, sal jy die volgende voordele en ondersteuning ontvang:**

- 'n Verwelkomingspakkie wat 'n insiggewende swangerskapboek oor al die fases van swangerskap insluit.
- Afslagkoopbewyse vir verskillende bababenodighede.
- 'n Pragtige babasak. (Wat rondom die vyfde maand van jou swangerskap gestuur word. Jy sal 'n SMS ontvang.)
- Verskeie babaprodukte.
- 'n 24-uur professionele mediese advieslyn.
- Voordele in elke fase van jou swangerskap.

**Hoe om te registreer:**

Stuur 'n e-pos aan maternity@bestmed.co.za of skakel ons by 012 472 6243. Sluit asseblief jou kontakbesonderhede, asook 'n pos- of afleweringsadres, jou mediese skema nommer en verwagte bevallingsdatum by die e-pos in. Om jou registrasie te voltooi, moet jy 'n gesonheidsrisiko-evaluering by enige netwerkapteek ondergaan.

# Bydraes

| | HOOFLID | VOLWASSE-AFHANKLIKE | KINDER-AFHANKLIKE* |
|---|---|---|---|
| Risiko-bedrag | R5 770 | R5 770 | R1 371 |
| Spaarrekening-bedrag | R0 | R0 | R0 |
| **Totale maandelikse bydrae** | **R5 770** | **R5 770** | **R1 371** |

*Jy betaal slegs vir 'n maksimum van vier kinders. Alle ander kinders sluit gratis as begunstigdes by die Skema aan.

## Afkortings

ADD/ADHD = Aandagafleibaarheid/Aandagafleibaarheid-hiperaktiwiteit; ADV = Aangewese diensverskaffer; CSL = Chroniese Siektelys; DBC = Documentation Based Care (rugrehabilitasieprogram); GORD = Gastro-esofageale refluks; L = Lid; L1+ = Lid en gesin; MMAP = Maksimum mediesefondsprys; MRB-/RT-skanderings = Magnetiese resonansiebeelding-/Rekenaartomografie-skanderings; MRP = Mediscor Reference Price (Mediscor-verwysingsprys); NDWT = Negatiewe drukwondterapie; NV = Netwerkverskaffer; PET-skandering = Positron-emissietomografie-skandering.

086 000 2378

service@bestmed.co.za

012 472 6500

www.bestmed.co.za

@BestmedScheme

www.facebook.com/
BestmedMedicalScheme



**MAGTIGING VIR HOSPITAALOPNAME**
Tel: 080 022 0106
E-pos: authorisations@bestmed.co.za

**CHRONIESE MEDISYNE**
Tel: 086 000 2378
E-pos: medicine@bestmed.co.za
Faks: 012 472 6760

**EISE**
Tel: 086 000 2378
E-pos: service@bestmed.co.za (navrae)
claims@bestmed.co.za (eisindienings)

**SWANGERSKAP WELSTANDSPROGRAM**
Tel: 012 472 6243
E-pos: maternity@bestmed.co.za

**INSTAPFASILITEIT**
Blok A, Glenfield-kantoorpark,
Oberonlaan 361, Faerie Glen,
Pretoria, 0081, RSA

**POSADRES**
Posbus 2297, Arcadia,
Pretoria, 0001, RSA

**ER24**
Tel: 084 124

**INTERNASIONALE REISDEKKING (BRYTE INSURANCE)**
Tel: 0860 329 329 (Slegs RSA)
kantoorure/084 124 na-ure.
E-pos: er24@brytesa.com
Eise: travelclaims@brytesa.com

**BESTMED BLITSLYN, BESTUUR DEUR KPMG**
Indien jy bewus is van enige bedrieglike, korrupte of onetiese praktyke waarby Bestmed se lede, diensverskaffers of personeel betrokke is, rapporteer dit asseblief anoniem aan KPMG.

| | |
|---|---|
| **Blitslyn:** | 080 111 0210 tolvry vanaf enige Telkom-lyn |
| **Faks:** | 080 020 0796 |
| **E-pos:** | fraud@kpmg.co.za |
| **Posadres:** | KPMG Hotpost, by BNT 371<br>Posbus 14671, Sinoville,<br>0129, RSA |

Vir 'n meer gedetailleerde oorsig van jou voordele-opsie en 'n lidmaatskapgids kontak ons asseblief by service@bestmed.co.za.

Vrywaring: Die 2020-produkinligting wat in hierdie brosjure verskaf word, word sonder voorstelling of waarborg, hetsy uitdruklik of geïmpliseer, beskikbaar gestel en geen aanspreeklikheid met betrekking daartoe sal aan Bestmed Mediese Skema toegedig word nie. Alle inligting oor die voordele-opsies en meegaande dienste vir 2020, insluitend inligting ten opsigte van die bepalings en voorwaardes of enige ander aangeleenthede, is onderhewig aan die voorafmagtiging van die Raad vir Mediese Skemas (RMS) en mag sonder kennisgewing dog met behoorlike inagneming van die RMS se verdere direktiewe, verander. Bestmed aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies, hetsy direk of indirek wat voortspruit uit inligting in hierdie brosjure verskaf, of enige optrede en/of transaksies wat daaruit voorspruit nie. Let asseblief daarop dat indien 'n geskil ontstaan, die geregistreerde reëls, soos goedgekeur deur die registrateur van mediese skemas, voorrang sal geniet.

Besoek asseblief www.bestmed.co.za om die volledige vrywaring van aanspreeklikheid en verantwoordelikheid vir Bestmed Mediese Skema, asook ons bepalings en voorwaardes te besigtig.

Bestmed is 'n geregistreerde mediese skema (reg.nr. 1252) en gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FSP-nr. 44058) © Bestmed Mediese Skema 2019.
13269 Bestmed Brochure A5 AFR_Pulse2. Hierdie gids is in Oktober 2019 gedruk. Vir die jongste weergawe van die gids, besoek asseblief ons webtuiste by www.bestmed.co.za.

bestMed
persoonlik joune